

HOE OM MET GELD TE WERK

Meeste mense kry gewoonlik heeltemal genoeg geld, maar ons weet nie altyd hoe om met geld te werk nie, en daarom sukkel ons altyd en het altyd te min.

Die rede is:

- Die natuurlike mens kan nooit genoeg kry nie en is gierig van aard. Maw sy behoeftes stop nooit en is onbeperk (Rom 6:12, Kol 3:5-7, 1Tim6:6-10, Heb 13:5)
Gen 4:7 Se "die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou;
maar jy moet daarvoor heers.
- Meeste mense se ouers het hulle ook nooit geleer om met geld te werk nie, want hulle is self ook nie deur hulle ouers geleer nie - En mense (ons almal, ek sluit myself beslis in by alles wat ek sê) is van nature lui, daarom gaan doen hulle nie moeite om uit te vind hoe dit werk nie.

Basiese beginsels

- 1) Finansiële bestuur is alles in die kop – **Dis 'n "mind game"** of dit is **"all in the mind"**. Die mens is die mees aanpasbare wese, en enige mens pas ongeveer binne 3 maande in enige situasie aan.
Bv. Jy kan 'n baie arm mens ewe skielik baie geld gee en hy gaan vir hom mooi nuwe voertuie en huise en meubels ens. koop en binne 3 maande is hy gewoon aan sy nuwe lewenstandaard. - En ja dis altyd lekker in die opgaande fase. Tot op 'n punt natuurlik
en
Jy kan 'n baie ryk mens ewe skielik verarm en al sy geld en goed wegneem en binne 3 maande is hy gewoon aan sy nuwe lewenstandaard - Nie meer so lekker as wat hy aan gewoon was nie, maar aanvaarbaar en tevrede.

Gevolgtrek is jy in beheer van jou lewenspeil.

- 2) Die geld wat jy ontvang is nie joune nie dit is net aan jou toevertrou (Fil 4:11-13).
M.a.w. **Jou geld is nie joune nie** - maak nie saak uit watter bron jy dit ontvang nie (Salaris, pensioen, rente, onderhoud, erfgeld of wat ookal)
Dink bietjie hoe gaan jy met 'n ander ou se geld werk. Sal jy dit op dieselfde manier hanteer en spandeer as wat jy nou met jou eie doen? Sal die ander persoon tevrede wees met jou bestuur van sy geld? Nou let wel hierdie salaris wat jy elke maand ontvang is nie joune nie - Dit is God s'n. Hy vertrou jou daarmee om Sy wil en werk mee te doen. Ja natuurlik mag en moet jy vir jou huisgesin kos en klere koop en vir hulle sorg. Daar is geen beperking op jou geplaas oor wat jy mag en nie mag nie. Jy mag vir jou 'n mooi nuwe motor koop en jy mag tot vir jou drank koop (en dit drink, - Nie dronk nie), maar daar is steeds basiese beginsels en ordes, en as jy buite dit gaan sal jy altyd sukkel.

Maw as jy reeds 'n voertuig het en jy kan die volgende een nie KONTANT koop nie, bly die oue ry. Moenie dat jou hartsbegeertes na aardse goed die oorhand oor jou kry nie.

- 3) Moet nooit al jou geld gebruik nie - Sit in ander rekenings 10% -20%

My voorstel is om op 80% van jou netto inkomste (dit wat aan jou uitbetaal word) te leef.

Onthou hierdie is net 'n "mind game" want hoe anders verklaar mens dit dat daar mense is (en ek ken sulkes) wat tussen man en vrou saam R5000pm verdien, en hulle sê hulle het oorgenoeg. Verder is daar mense wat R80000pm (en meer) verdien en dit is volgens hulle te min (en ek ken sulkes). Ook net een man en vrou. maar hulle kan nie daarmee uitkom nie. Die rede is omdat jy jou lewenstandaard aanpas namate jou inkomste verhoog, maar omdat jy dit altyd hoër aanpas as wat jy behoort en wanneer die afwaartse siklus kom (wat in enige mens se lewe kom) dan kan jy nie die skommeling hanteer nie en moet jy eers weer by die bank gaan pleit vir 'n ekstra lening - Skuld. Die lening gaan jou in elk geval net 2-3 maande help, maar dan moet jy dit weer met rente oor 3-5 jaar weer terugbetaal.

Onthou die bank of enige mens of instansie wat geld uitleen is nie jou vriend nie. Hulle almal maak gebruik van jou onvermoë om met geld te werk teen 'n lekker rentekoers tot hulle voordeel en tot jou verdere nadeel.

Pas jou lewenstandaard aan op 80% van jou netto inkomste en jy sal nooit sukkel nie.

- 4) **Wees vergenoegd** (1Tim 6:8) maw wees tevrede met wat jy het en moenie altyd na ander mense kyk en wonder hoe kry hulle dit of dat reg nie, want dan begin jy skuld maak en later gaan jou hele inkomste netso vir rente aan die Bank.

- 5) **Moenie skuld maak nie.** Lewe kontant. Meeste mense se vir my dat dit eenvoudig net nie moontlik is nie. Ja vir meeste is dit onmoontlik en daarom het ons al geslagte lank so grootgeword en lewe ons in 'n kultuur van skuld maak. Ons het in die vorige punt gesê "vergeet ander mense". Wat sê die Bybel - Kom ons kyk in die boek van die Bybel wat ons wysheid (nie slimheid nie) leer - Spreuke 6:1-5 Dit sê dat as ons nou wel 'n dom (stupid) ding gedoen het om vir iemand, wat ook jouself ook kan wees, borg geteken het moet jy alles in jou vermoë doen om daaruit te kom. Partykeer moet ons net 'n bietjie langer wag en spaar totdat ons die kontant het om iets te doen.

- 6) **Moenie borg ("surety ship" of "sureties") teken nie.** Dis net eenvoudig wyse raad wat die Bybel ons gee, want die Here weet as Hy ons nie waarsku nie, gaan ons dit doen. En as ons dit nou doen, dan kan ons nie sê Hy het ons nie gewaarsku nie, en as ons later in die moeilikheid beland met ons finansies dan is ons net self te blameer.

Wat sê die Bybel - Kom ons kyk weer na Spreuke die boek van wysheid (nie slimheid nie), dit leer –

Spr 6:1-5 as jy nou wel 'n dom ding gedoen het om vir iemand (of jouself), borg geteken het moet jy alles in jou vermoë doen om daaruit te kom.

Spr 11:15 Die persoon wat nie handslag (handtekening vir borg Spr 6:1) gee nie is veilig.

Spr 17:18 Dis 'n verstandelose mens wat handslag gee, wat borg staan vir sy naaste - Maw dit is 'n dom mens wat dit doen.

Spr 22:26 Wees nie onder die wat vir skulde borg staan nie

As jy net aan hierdie deel gehoor gee aan die Bybel, sal jy in elk geval nie maklik skuld kry by die bank nie, (want hulle gaan jou wil laat borg teken en nou is teen jou geloof)

en dit is ten goede vir jou - Onthou dit – Dit is ten goede vir jou om by jou beginsels te bly. Al voel dit nie altyd vir jou so nie.

- 7) **Leer om na geld te kan kyk sonder dat dit jou pla.** Kom ons sê jou salaris of inkomste is R 10000pm en jy begin die beginsels in hierdie dokument nakom. Jy gaan sien jy het later R30000 in die een rekening, en R60000 in die ander rekening ens. Nou is die kuns of versoeking om na daardie geld te kan kyk sonder dat dit jou pla. Dit is waar selfbeheersing inkom (2Timl:7; Gal5:22; 2Pet 1:6). Onthou die mens se begeertes sal nooit ophou nie en dit is baie maklik om gou een Saterdagoggend te gaan en die geld te gaan spandeer op daardie nuwe sitkamerstel of 4-trek motorfiets of oorsese reis of enige iets wat jou begeerte/behoefte ookal is. So die kuns is nou om dit nie te spandeer nie. Nie aan jou begeertes toe te gee nie. Jy gaan dit wel êrens vorentoe nodig kry wanneer jy regtig geld nodig het, wat 'n moet is en nie net 'n begeerte nie. (En hier gaan dit nie oor suinigheid nie, dit gaan oor wysheid). Jy gaan nog later alles koop wat jou hart begeer – byt net eers vas totdat jy dit wat jy moet (nie net wil) nodig het gemaklik kan doen.
- 8) **Moenie dat mense jou ompraat of op jou gevoel speel nie.** Sodra mense agterkom jy het nou iets in die bank, dan kom alle versekeringsmakelaars en finansiële adviseurs jou raadgee en vertel hoe jy moet maak. Onthou niemand kan so goed na jou geld kyk soos jyself nie. Ek het menigte mense hulle laaste nes-eiertjie sien verloor deur raadgewers wat nooit self dit kon regkry om iets bymekaar te maak nie.
- 9) **Moet nooit korttermyn bates/uitgawes met langtermyn fondse finansier nie.** Ken die verskil tussen langtermyn en korttermyn en verbruikbare geld/finansiering en moet nooit hierdie belangrike beginsel versaak of oorskry of verkeerd toepas uie
Wat beteken dit?
Kom ons kyk eers na die verbruikbaarheid of lewensduur van sekere items
- Vaste Eiendom - Maks 20 jaar gesond 10jaar
 - Voertuie - Maks 5 jaar. gesond 3 Jaar
 - Meubels en klein toerusting - Sê 6 maande
 - Kos en klere en vakansies en naweke weggaan - Geen lewensduur
 - As ek 'n 20 Jaar verband neem om 'n huis te koop moet ek die geld daarvoor gebruik en vir niks anders nie.

Hoe pas mens nou die beginsel toe? Wel.

- ek moenie ekstra geld op my verband leen en 20 jaar lank aan dit afbetaal om 'n voertuig te koop wat 5 jaar hou, te koop nie.
- ek moenie ekstra geld op my verband leen en 20 jaar lank aan dit afbetaal om gou te gaan vakansie hou vir 'n week nie, want dan sal dit beteken ek gaan 20 jaar afbetaal aan daardie week se vakansie - Belaglik is dit nie!
- ek kan wel ekstra geld op my verband leen as ek aanbou en my eiendom verbeter of ekstra eiendom bykoop.
- ek moenie my huidige maand se kruideniers op 'n 6-maande begrotingsrekening koop nie, want weereens beteken dit dat iets wat dadelik verbruikbaar is, ek nou oor ses maande afbetaal, en dan het ek al weer 6 keer kruideniers nodig gehad.
- Die ergste fout wat jy dus kan doen is om jou verband te verhoog om hierdie maand se kruideniers te koop - Jy gaan 20 jaar daaraan afbetaal – Kan jy dit insien?

10) Moenie begeer nie – Gierigheid

Dit is die wortel van alle kwaad (1Tim 6:10) en dit is sonde want dit is afgodery (Kol 3:5) en dit is hoekom dit die 10de gebod is, want ons is geneig om te begeer en die meeste van ons probleme is omdat ons nie kan nee sê nie of nie kan wag nie.

Nou ek moet eerlik se ek het nog nooit 'n persoon sien insolvent gaan omdat hy net aan sy basiese lewensmiddele moes voorsien nie. Mense kom altyd in die moeilikheid omdat hulle op 'n hoër lewenstandaard wil lewe as wat hul inkomste toelaat en omdat hulle nie punt 2 en 3 nagekom het nie.

VOORBEELD

Bv. Kom ons se ons het twee persone wat elk R3000pm beskikbaar het vir 'n voertuig

Persoon 1 - Die normale aardse mens wat glo jy doen wat die meeste mense doen gaan doen die volgende: Hy gaan koop vir horn 'n nuwe voertuig en gaan leen die geld (maak skuld) en teken die waarborge ("sureties") en wat hy hiermee kan bekostig is dit

Kosprys van voertuig	R105 887
+BTW	R 14 824
Totale skuld	R 120 711

Tydperk 60 maande = 5 jaar

Rentekoers 17%

Kontantvloei 60mnde x R3000 = of anders gestel	R180000
---	---------

Hy gaan op die ou einde R59289 se rente aan die bank betaal oor die tydperk van 60 maande en R120711 se kapitaal en dit gee

R180000

Persoon 2 Die persoon wat wil luister en nie in die moeilikheid kom nie en konserwatief is met die geld wat aan hom toevertrou is. Doen die volgende:

- Ry vier maande fiets en spaar 4x3000 -	R12 000
--	---------

- Koop ou skedonk van voertuig kontant

- Spaar volgende 2 jaar (3000x24) =	R72 000
-------------------------------------	---------

- Koop dan vir horn 'n beter voertuig kontant

- Spaar volgende 3 jaar min 4mnde (3000x32) =	R96 000
---	---------

- Koop nou vir horn 'n R120 000 voertuig Kontant

as hy wil en sy ander 2 oues inruil of ry nog 'n

rukkies sy 2de voertuig as dit nog reg is.

Totaal oor 60 maande

R180000

Kom ons kyk nou wie was die slim ou en wie was die wyse een van die twee

As hulle die eerste dag bymekaar kom na maand 1 is:

Persoon 1 baie trots op sy spoggerige R105000 voertuig en het hy baie slim redes oor hoekom hy 'n nuwe voertuig nou moes koop.

1) Goeie prys

2) goeie onderhoudsplan

- 3) Kan dit van belasting aftrek
- 4) Hy ry vêr en moet 'n betroubare voertuig hê en
- 5) sommer baie ander slim redes en verskonings.

Persoon 2 sê maar niks en ry maar sy fiets en bus vir die volgende paar maande want hy weet wat sy plan is.

As iets onvoorsiens sou gebeur na 1 jaar in albei se lewe en elk benodig se R12000 dringend vir 'n familielid se siekte of iets dergliks, moet:

- Persoon 1 gaan geld leen by die bank of by ander mense en
 Persoon 2 kan dit kontant doen sonder om in iemand se oe te kyk.
 Hy gaan dalk net 4 maande later sy volgende voertuig kontant koop.

As rentekoerse begin styg in die tydperk

- Persoon 1 se paaient verhoog na meer as R3000
 Persoon 2 kry meer rente op sy geld wat in die spaarrekening is.

Aan die einde van die 5 jaar

- Persoon 1 se voertuig is nou 5 jaar oud en hy moet nou weer 'n huurkoop skuld by die bank aangaan as hy 'n nuwe voertuig van sê R120000 wil koop om op sy lewenstandaard te bly.

Terwyl

- Persoon 2 kan nou met sy inruil van sy 2 ouer voertuie en die rente wat hy op sy spaarrekening verdien het vir hom 'n voertuig van R120000 min (afslag vir kontant) kontant koop.

Interessant dat mense van buite nou na Persoon 2 sal kyk en o.a. van die volgende opmerkings maak:

- Ja maar jy is ryk
- Jy het dan altyd geld so jy moet ryk wees.
- Om 'n voertuig of huis kontant te koop moet jy ryk wees
- Dra bietjie by tot hierdie of daardie saak want jy het mos baie geld

Nee persoon 2 is nie ryk nie, Hy het net soveel gekry soos persoon 1. Hy het net met meer wysheid die geld wat aan hom toevertrou is bestuur. Mense wat nou die opmerkings maak vergeet gerieflikheidshalwe dat jy

- vir 4 maande fiets en bus gery het
- vir 5 jaar eers met ou goedkoop voertuie gery het
- dalk nie in die "regte" buurt bly soos hulle nie ens.

BESLUIT NOU SELF WIE SIEN JY AS DIE PERSOON WAT MET GELD KAN WERK.

Nou baie belangrik!!!

Sukses ook finansiële sukses, gebeur altyd in 3 aksies nl.

BEPLAN,
 BESLUIT,
 AKSIE NEEM

As een van die aksies uitgelaat word of andersom gedoen word het jy eintlik maar 'n gemors. Ek ken mense wat hulle lewe lank beplan met die mooiste werkbare planne, maar hulle het later soveel opsies dat hulle nie weet watter een om te kies nie, en dan beplan hulle maar

weer verder en verder. Dan is daar weer mense wat tot by stap twee kom, maar net nie sover kom om aksie te neem nie - dan gebeur ook niks. En ander begin weer by stap 2 of 3 en loop hulself teen 'n muur vas omdat daar nie beplan was nie. Nee, begin by BEPLAN, kry jou opsies, neem dan 'n BESLUIT en neem dan AKSIE/DOEN

PRAKTIESE STAPPE:

BEPLAN

Neem jou eie situasie en kyk hoeveel geld verdien jy -

Dit wat in jou bankrekening inbetaal word x 80 % en skryf die bedrag neer. Dit is van nou af jou inkomste en nie die 100% van wat inbetaal word nie.

Begroot (Budget)

Maak 'n lys van uitgawes waaraan jy nie kan verander nie, (maar onthou alles is relatief en veranderbaar - Jy mag dalk nou in 'n huis bly wat te duur is ens.)

- o Huur of verband paaient
- o Water & Ligte
- o Telefoon
- o Petrol
- o Motor paaient ens ens.

Jy **moet nou** aan jou uitgawes sny totdat jy by 80% van jou inkomste uitkom. Die ander 20% is van nou af nooit meer joune nie. Jy **MOET** met die 80% lewe en jou lewenstandaard daarby aanpas.

Neem besluite soos wat jy aangaan en oorweeg elke uitgawe en vra jouself vrae soos:

- Kan of moet ek dalk goedkoper behuising soek?
- Hoe kan ek my telefoonkoste laer kry?
- Kan ek dalk saam met iemand werk toe ry om petrol te spaar?
- Kan ek werklik 'n TV-skottel bekostig en is dit goed vir my miskien moet ek daardie tyd gebruik om iets nuttigs te doen wat dalk vir my meer inkomste kan inbring waarvan ek weer 'n ekstra 80% kan kry, en op die manier my lewenstandaard verhoog?
- Spandeer ek nie dalk te veel tyd naweke en aande aan my kuiers en ontspanning waarop ek mos geregtig is nie?
- Het ek werklik 'n bediende nodig? Of is ek net bietjie gemaklik? Ens...

Beplan bankrekenings

Ons gaan nou ons beskikbare geld bestuur deur dit in verskillende bankrekenings (ten minste 3) te plaas en die doel van die eerste basiese rekenings is as volg:

Basies 3 Rekenings

Rekening 1 - Hierdie is jou **leefrekening**. Tjek of Spaar. Hier word jou salaris inbetaal en hier gaan al jou aftrekorders af (ook die aftrekorders wat na jou ander rekenings toe gaan. **Tip:** Laat al jou aftrekorders op een dag afgaan so twee of drie dae nadat jou salaris ingekom het, dan weet jy dit wat oorbly is nou jou leefgeld. (Die drie dae is om speling te maak vir as iets by jou werkgewer of die banke foutgaan -tydsberekening).

Rekening 2 - Hierdie is jou **onvoorsiene gebeure rekening**. Spaar of Market link tipe.

Hierdie rekening is net vir die onvoorsiene gebeure wat soms voorkom en waarvoor nie spesifiek voorsiening gemaak is nie (Jou motor wat breek of gestamp word en jy moet 'n bybetaling doen ens.)

En onthou moenie vir jouself gebeure skep of gebeure beplan nie. Moenie sê ek wil graag Saterdagmiddag 'n partytjie hou en my leefgeld is op en nou is dit 'n onvoorsiene gebeurtenis nie want dan gaan dit nie help nie. Dan maak jy van die rekening ook 'n leefrekening en dan gaan jy dieselfde met rekening 3 doen.

Hierdie rekening behoort op te bou en as jy kan bekostig om 'n onvoorsiene gebeurtenis uit jou leefrekening- No 1 te kan finansier - Doen dit. Dit is baie gesond. Dan kan rek 2 en 3 opbou na iets mooi.

Rekening 3 - Hierdie is jou **krisis rekening**. Geldmark of 32 dae Beleggings-rekening.

Hierdie rekening moet nie maklik toeganklik wees nie. Dit moet bv. In 'n geldmark rekening op die beurs lê of iets soortgelyks, sodat dit jou 3- 5 dae en bietjie/baie moeite moet kos om dit in die hande te kry. Hierdie geld is vir absolute noodgevalle en jy moet 'n punt maak om nooit eers in hierdie rekening te kom kyk nie - Vergeet daarvan (Dit lei jou net in die versoeking)

Ander rekenings kan oopgemaak word vir spesifieke doelwitte (Maar Onthou: Hierdie "besparings" kom uit jou 80% uit) soos:

- Medies
- Spaar vir jou volgende motor as jy nie nou 'n motor paaient het nie of al het jy sit addisioneel weg om vlg motor kontant te koop (Hierdie besparing kom uit jou 80% uit)
- Vakansies Jaarliks of spaar vir oorsee ens.
- Versekering
- enige iets waarvoor jy spesifiek wil spaar ens.

Verdeling - Hierdie is absoluut elkeen se persoonlike besluit en mense wat die Bybel ernstig opneem sal dalk anders besluit as ander want die Bybel gee riglyne oor 'n tiende wat vir die kerk gegee moet word. Ek persoonlik verstaan die tiende dat dit 'n riglyn was en in die ou testament 'n verpligting. maar in die nuwe testament behoort ons nie te vra "Here hoeveel moet ek gee?" nie, maar eerder "Here hoeveel mag ek hou?". So as jy vermoënd genoeg is kan jy maar heelwat meer as 10% gee. Want u sien alles behoort aan Horn (Ps24) en as ek Jak 5:1-3 lees dan kan die apostel nie glo dat ons nog wil rykdom najaag hier in die laaste dae nie.

Jak 5:1-3

Kom nou, julle **rykes**, ween en huil oor die ellendes wat oor julle kom. Julle rykdom is bedorwe, en julle klere is deur die motte verniel. Julle goud en silwer is verroes en hulle roes sal tot 'n getuigenis teen julle wees en sal soos 'n vuur julle vlees verteer. Julle het **skatte vergader in die laaste dae**.

Moonlike verdelings

- 10% - Barmhartigheid (Matt: 10)
- 80% - Rekening 1 - Leef rekening
- 5% - Rekening 2 - Onvoorsiene gebeure
- 5% - Rekening 3 - Krisis rekening

OF as jy nie die Bybel regtig glo of wil gehoorsaam nie

80% - Rekening 1

10% -Rekening 2

10% -Rekening 3

(Jy sal dalk so bietjie materieel ryker word as die gelowige, maar dit is ten koste van jou siel)

BESLUIT

Neem **nou** 'n finale besluit oor:

- hoeveel en van watter soort rekenings jy nodig het
- hoeveel geld jy maandeliks na elke rekening gaan laat vloei.

NEEM AKSIE

- 1) Gaan fisies bank toe en maak ten minste 3 rekenings oop, maar as dit nie groot bankkoste dra nie, maak meer oop vir verskillende doeleindes.
- 2) Teken fisies aftrekorders uit jou No 1 rekening na die ander soos wat jy beplan het – Al is dit net R500 pm dit is nou die eerste keer dat jy aftrekorders gaan hê, maar die geld gaan mos nie wegraak nie. Dit loop nog rente en bou op ook.
 - a. Moenie bekommerd wees oor die R12-R15 bankkoste op die aftrekorder nie – jy gaan dit dubbel terugkry in rente op jou beleggings en op beter finansiële bestuur.
 - b. Moenie dink jy gaan elke maand self die oorplasing doen nie, dit werk nie. Teken 'n aftrekorder sodat die aksies outomaties geskied
- 3) Vergeet van al die ander rekenings (moet nooit eers na hulle kyk nie) en leef net op wat oorbly in jou No I rekening, nadat jou aftrekorders uit is.

Uitdaging

Hierdie is geskryf vir Christen broers en susters, want met die hulp van die Here kry ons dit maklik reg, maar ek daag ook enige persoon wat nie aan die Bybel glo nie uit om die resep te volg en my te sê of dit werk of nie.

Wat kan jy verloor, as dit nie vir jou werk nie, gaan maak dan maar die spaarrekenings toe en kanselleer die aftrekorders en spandeer gou die geld wat al gespaar was - maar as dit werk en ek weet dit werk, gaan jy nooit weer terugkyk nie. Onthou 'n mens pas binne 3 maande aan enige kant toe.

Met hierdie resep word jy finansiële onafhanklik en behoort nooit weer te sukkel met kontantvloei nie – maar (fyn lyn) moenie rykdom najaag nie. As jy sien jy word te ryk – gee weg sonder om ooit iets terug te verwag (2Kor 9:7) Onthou dit is nie jou geld nie. (1Kor 10:26)

[En ek weet daar gaan 'n paar slim mense wees wat gaan sê dis beter om ekstra geld by jou verband af te betaal eerder as in aparte rekenings ens ens. En ja tegnies is jy reg, jy kan dit so doen ook, maar dit werk nie vir 90% van mense nie, want jy is net 'n mens en as jy van die begin af reg gewerk het met jou geld sal jy nie eers 'n verband gehad het nie. En as jy nie sukkel nie - goed so, dan het jy die raad nie nodig nie.]

Wat sê die Bybel nog

Pred 2:26 "Want aan *n mens wat welgevallig is voor sy aangesig, gee Hy wysheid en kennis en vreugde, maar aan die sondaar lê Hy die taak op om bymekaar te maak en te versamel, om dit dan te gee aan een wat welgevallig is voor die aangesig van God.

Opgestel deur:

WillemZaaiman (Oorspr 2008 - Hersien 2025)

Selfoon nommer 0825565710

E-mail Willemz@dwz.co.za